

KAN 'N MIELIE MET 'N HAMBURGER KRAGTE MEET?

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN
COMPUTUS BESTUURSBURO


Die Britse tydskrif, *The Economist*, het pas weer sy jongste Big Mac-indeks (Januarie 2014) bekend gemaak. Hierdie indeks vergelyk die pryse van die beroemde hamburger van MacDonald's in verskeie lande oor die hele wêreld met mekaar. *The Economist* het hierdie maatstaf in 1986 as 'n lighartige riglyn ontwikkel om aan te dui of die verskillende geldeenhede in lande waar MacDonald's as konsessiegroep funksioneer se waarde op dieselfde vlakke is, soos gebaseer op die teorie van koopkragpariteit (*Purchasing-Power Parity*). Die aanname is dat wisselkoerse oor die lang duur ewewig moet vind op vlakke waar die pryse van identitiese goedere en dienste in enige twee lande se geldeenhede dieselfde is.

Die Big Mac-burger is 'n homogene produk wat wêreldwyd presies dieselfde gemaak word en maak dit dus 'n goeie kandidaat om sulke vergelykings mee te doen. Dit reflekteer ook die koste van grondstowwe (vleis, brood, aartappels), arbeid (kelners en kokke), kapitaal (geboue en masjinerie) en ook winsmarges van daardie lande waar dié hamburger geproduseer word. So byvoorbeeld is die gemiddelde prys van 'n Big Mac-burger in Januarie 2014 in Amerika \$4.62 terwyl dit in Suid-Afrika R23.50 beloop. Teen 'n wisselkoers van R10.88 teenoor die dollar, is 'n Suid-Afrikaanse Big Mac se plaaslike dollarprys dus \$2.16 wat daarop dui dat ons 'n Big Mac-burger baie goedkoper as die VSA kan produseer. Dit beteken dalk ook dat die Rand 53.3% onderwaardeer is teenoor die dollar, gebaseer op 'n Big Mac-burger se prys. Op grond van die Big Mac-indeks behoort die wisselkoers van die Rand tans R5.08 te wees om ons koopkrag op pariteit met die dollar te bring.

Ons is later weer terug by die hamburger. Nou eers iets oor mielies en die vraag is of die koopkrag (*Purchasing-Power Parity*) daarvan ook soos dié van 'n Big Mac-burger bygebly het.

Prys en opbrengs


Figuur 1 bevat inligting oor die prys en opbrengs van mielies in die Oos-Vrystaat, soos gebaseer op Computus Bestuursburo se groeps-gemiddelde syfers van die afgelope tien jaar:



Figuur 1 toon aan dat die gerealiseerde mielieprys in 2004 van hierdie groep boere R930 per ton was terwyl hulle opbrengs toe 3.2 ton per hektaar was. Hoewel pryse én opbrengs van mielies redelik wisselvallig oor die tien jaar was, het dit in 2013 op onderskeidelik R2 121 en 4.5 ton te staan gekom. Die neigingslyn toon aan dat pryse en opbrengs geleidelik toegeneem het, ten spyte van die onderlinge wisselvalligheid.

Inkomste, uitgawes en wins


Figuur 2 toon die inkomste, uitgawes en wins van die mielievertakking van Computus se groep boere in die Oos-Vrystaat aan:



Volgens Figuur 2 het die mielievertakking van boere in die Oos-Vrystaat se inkomste, sowel as uitgawes, met redelike wisselvalligheid oor die afgelope tien jaar toeneem. Gevolglik toon die wins van hierdie vertakking ook dieselfde wisselvalligheid met die hoogste wins in 2008. Die neiging oor die afgelope tien jaar is egter aan die toeneem, ten spyte van die wisselvallige jaarlikse wins.

Koopkrag

Figuur 3 toon aan hoeveel ton mielies nodig is om sekere boerdery-items mee te kan aankoop. Dit word aangetoon vir grond, trekkers en kunsmis:




Figuur 3 toon aan dat 'n boer 366 ton mielies in 2004 nodig gehad het om 'n trekker van 74 kW te kon koop terwyl dieselfde trekker se prys in 2013 die ekwivalent van 320 ton mielies was. Hierdie verhouding toon 'n wisselvalligheid soos wat veral die wisselkoers beide die trekker en mielies se prys beïnvloed het. Terselfdertyd het 'n boer in 2004 twee ton mielies nodig gehad om een ton KAN te kon aankoop terwyl 1.8 ton mielies vir hom een ton se KAN in 2013 kon aankoop. Die neigingslyn toon aan dat die koopkrag van mielies oor die afgelope tien jaar verbeter het in terme van trekker- en kunsmispryse.

Ten opsigte van grondpryse toon Figuur 3 egter aan dat 'n boer in 2004 slegs 1.3 ton mielies nodig gehad het om een hektaar grond in Reitz-distrik te kon koop terwyl hy in 2013 nou 6.2 ton se mielies nodig het om 'n soortgelyke stuk grond te kon aankoop. In hierdie geval toon die neigingslyn 'n verswakking van mielies se koopkrag. Dit is egter te wyte aan die skerp styging in grondpryse eerder as 'n verswakking in mieliepryse.

Big Mac

Figuur 4 toon die koopkrag van een ton mielies aan, spesifiek teenoor diesel, arbeid en dan 'n Big Mac-burger:



Volgens Figuur 4 kon een ton mielies in 2004 vir 924 liter diesel koop en kon hy in dieselfde jaar 0.8 arbeiders per maand met dieselfde hoeveelheid mielies bekostig. Hierdie verhouding het redelik gewissel oor die afgelope tien jaar omdat veral brandstof- en mieliepryse nie konstant gebly het nie. In 2013 kon een ton mielies 992 liter diesel koop terwyl dit 1.1 arbeiders se maandelikse loon kon betaal. In beide gevalle het een ton mielies se koopkrag dus toegeneem, ten spyte van wisselvallighede oor die afgelope tien jaar.

Die uiteindelijke toets is egter of mielies sy koopkrag kon handhaaf indien dit teen die Big Mac-burger gemeet word. Figuur 4 toon aan dat 924 liter diesel in 2004 met een ton mielies vir homself 298 Big Mac-burgers sou kon koop terwyl hy 512 burgers in 2013 sou kon koop. Dit is 1.7 keer meer as in 2004 en die neigingslyn in Figuur 4 toon dan ook aan dat hierdie verhouding oor die afgelope tien jaar teen 924 liter diesel se redelike gradiënt toegeneem het. Dit bevestig dus dat 924 liter diesel wel met 924 liter hamburger kan kragte meet!

Die Big Mac-indeks bly grootliks steeds 924 liter diesel se lighartige maatstaf van koopkrag maar toon tog dat die mededingendheid van mielies in die Oos-Vrystaat oor die afgelope tien jaar verbeter het. Selfs al word die geloofwaardigheid van die indeks betwyfel, bevestig die ander grafieke wel die neiging dat mielies se winsgewendheid toegeneem het ten spyte van die wisselvallighede van prys en opbrengs van die afgelope tien jaar.

